# Sending Nuusbrief



*Ecclesia Christi fluctuat non mergitur*

Evangelisasie in Leiden en Belhar gaan steeds voort in samewerking met br. Jaco de Beer van VGK Kaapstad en ds. Peter Abrahams van VGK Belhar. Die evangelisasiewerk sluit ‘n weeklikse opelugprediking, die uitdeel van Johannesevangelies en stap deur die buurt om kontakte op te bou met die inwoners in. Daar word gemiddeld tot 150 Johannesevangelies per geleentheid uitgedeel. Voorin is daar ‘n traktaatjie met kontakbesonderhede indien die persoon geestelike begeleiding na Christus nodig het. Hieronder is ‘n paar foto’s om te wys hoe dit lyk.








## TEMA: EVANGELISASIEWERK IN LEIDEN EN BELHAR

Dit is van kardinale belang vir suksesvolle evangelisasie om dieselfde punt te gebruik om opelugprediking en evangelisasiewerk te doen. Evangelisasie in Belhar word gedoen by die Airport Mall in Belhar. In Leiden word gefokus op die area rondom bestaande lidmate se huise waar die kerk beplan word. In beide areas ondervind ons ‘n groei omdat mense meer ontvanklik is. ‘n Vriendelike groet, “hallo dominee of pastoor” word dikwels gehoor. Dit is natuurlik bemoedigend, want dit maak deure oop vir die evangelie.




**Die Sending gee graag die nuusbrief uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.**

Die nuusbrief kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrief kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.

# Sending Nuusbrief

Ecclesia Christi fluctuat non mergitur

Die ontbreek van 'n eie kerkgebou vorm 'n groot belemmering. 'n Eie kerkgebou is belangrik om sending en kerk by mekaar te hou. Sr. Jessica Koks en br. Chris Willemse is in samewerking met die Gesamentlike Sendingskommissie (GSK) hard aan die werk om te kyk na 'n geskikte kerkerf.






## TEMA: EVANGELISASIEWERK IN LEIDEN EN BELHAR

**Die Sending gee graag die nuusbrief uit om die gemeentes, die SDSA en die ZAM op hoogte te hou van die sending op die Kaapse vlakte en in Fisantekraal.**

Die nuusbrief kan help om die die Here te loof en te prys deur Sy werk wat Hy in mense doen. Dit is net die werk van die Heilige Gees wat in harte van mense werk. Die nuusbrief kan ook help om voor die Here se aangesig te kom om gebedspunte voor die Here te bring in smeking en gebed.

***Gebedspunte***

Ons is dankbaar vir die samewerking om die evangelie in Leiden en Belhar te mag uitdra. Bid asseblief soos volg vir die bediening:

- Beskerming vir die wat evangeliseer.
- Wysheid om die evangelie in die regte konteks van die hoorders te mag oordra.
- Harte wat deur die Heilige Gees voorberei word vir die evangelie.
- Vir bekering en geloof in Jesus Christus.
- Dat die kerk in Belhar en Leiden mag groei.
- Vir 'n perseel in Leiden om 'n kerkstruktuur of kerk te bou.
- Dat meer mense uit die gemeentes sal deelneem aan evangelisasiewerk.